HOOFSTUK 20 SLOT

1. Inleiding. Aan die begin van "An Essay on Man" stel Cassirer vir homself die kardinale vraag: Wie is die mens? Ons het hom op die lang pad waarin hy die antwoord op hierdie vraag probeer vind het, krities gevolg om sodoende vir ons helderheid te verkry op dieselfde vraag wat vir ons van net so kardinale belang is. In die beoefening van die opvoedkunde as wetenskap is dit 'n basiese vereiste dat die opvoedkundige 'n baie duidelike beeld van die mens moet hê. Sonder so 'n beeld en sonder fundamentele kennis van die mens tas die opvoedkundige in die duister rond.

Om prinsipiële redes kan daar ook nie 'n antwoord gevind word op hierdie vraag nie wat almal sal bevredig want die antwoord is gewortel in die mens se lewens- en wêreldbeskouing; daarom sal die benadering van die mensprobleem altyd in 'n mate subjektief wees. Al die wetenskaplike toetse, skale, questionnaires, ens. van die sielkunde, die toegepaste sielkunde, die sosiologie, ens. raak nog net die buitenste skil van die wese van die mens. Die interpretasie van die gegewens wat deur hierdie metodes versamel is, kan ook nie in die ware sin van die woord objektief wees nie. Dit word steeds gedoen in die lig van wat die interpreteerder as die wese van die mens beskou. Die hoogste wat ons dus van 'n ondersoeker na die wese van die mens kan verwag, is dat sy beskouing, soos dit gebaseer is op sy uitgangspunt, logies, sistematies en wetenskaplik uiteengesit sal word en dat dit nie sal bots met evidente gegewens wat daar van die mens bestaan nie. Dit vereis dat die beskouing met al sy implikasies op al die terreine en vlakke waarop die mens beweeg, toegepas en geverifieer moet word. Al sou ons dan nie met die bevindings saamstem nie, kan ons tog 'n uitspraak gee na die wetenskaplikheid al dan nie van so 'n ondersoek en beskouing; dit wil sê: as ons die uitgangspunt van die ondersoeker sou toegee, moet ons al sy bevindings kan onderskrywe en dit moet vir ons 'n verklaring bied vir die mens en sy bestaan.

Aan hierdie eis voldoen Ernst Cassirer in sy "An Essay on Man" in die hoogste mate. Op heldere, sistematiese en geïnspireerde wyse ondersoek hy die mens in sy geskiedenis, in sy kultuur en in sy bestaan en gee dan 'n grootse siening van wie die mens is.

2. Die kern van sy mensbeskouing. Vir Cassirer is die mens 'n animal symbolicum en die diepste wese van die mens lê in hierdie struktureelbepaalde simboliese funksie. As gevolg van hierdie struktureelbepaalde funksie van sy gees het die mens alle direkte kontak met die wêreld buite hom verloor en kan hy die wêreld alleen ken deur middel van hierdie simboliese funksie.

In die skepping van die simbole gee hy dan transendentaal sin en betekenis aan die wêreld wat hy ken. Die orde en wetmatigheid bestaan nie in hierdie wêreld self nie maar in die struktureelbepaalde funksie

140./ van die gees ....

van die gees van die mens.

Die ontwikkeling van die mens bestaan in 'n toenemende vergeestelíking (ideation) van die sintuiglike maar sinlose na die simboliese en sinvolle. Op hierdie wyse is die mens steeds besig om homself progressief te bevry van sy sinnelike gebondenheid totdat hy uitendelik beweeg in 'n suiwer sinvolle wêreld.

Hy vind hierdie ontwikkeling in die kultuur en sluit dit in by sy verklaring van die mens. Uit die aard van sy beskouing is hy gedwonge om hierdie genetiese gegewens ook transendentaal te vertolk en die resultaat is dat hy die ontwikkeling van die mensdom as een magtige beweging van progressiewe selfbevryding sien waarin die mens hom in al sy kultuuraktiwiteite singewend ("from inside to outside") losmaak van die oorheersing van sy buitewêreld.

Hierin lê die wesensverskil tussen die mens en die dier. Die dier is en bly gevange in sy omgewing waaraan hy onverbreeklik verbind is. Die dier se ontwikkeling is beperk tot sy fisiese bestaan.

3. Die kern van ons kritiek. Alhoewel daar so baie in Cassirer se mensbeskouing is waarvoor ons waardering het - sy sienining van die wesensverskil tussen mens en dier; sy verhewe siening in teenstelling met die materialisme; die onderskeiding van die verskillende kultuursektore met tog 'n onderlinge samehang; sy aanvaarding van die genetiese gegewens; die erkenning en beklemtoning van die funksionele aktiwiteite van die mens; ens. - handhaaf ons 'n radikaal verskillende beskouing van die mens.

Cassirer se mensbeskouing is volkome humanisties. Hy skryf aan die mens magte en vermoëns toe wat hy nie besit nie. Die doel en die betekenis van die mens se bestaan is in die mens self geleë. Dit is die mens wat homself bevry van die kwaad - wat vir Cassirer bestaan uit sinnelike gebondenheid.

Hierteenoor handhaaf ons 'n teosentriese mensbeskouing. Die mens in al sy aktiwiteite, in al sy menslike verhoudings moet steeds gesien word in die lig van sy wesenlike onselfstandigheid, in sy gebondenheid aan die wetsorde van God wat in alle kringe, hoewel soewerein in hulle self, van toepassing is. Die diepste wese van die mens lê daarin dat hy na die beeld van God geskape is, sodat hy geroepe is om op alle terreine as koning, priester en profeet op te tree. In sy wetsonderdanige roepingsvervulling lê die vryheid van die mens opgesluit en nie in sy losmaking van die sinnelike nie.

Teenoor die kwaad van Cassirer se sinnelike gebondenheid stel ons die kwaad van die mens se erflike sondigheid waarvan die mens hom nooit self kan bevry nie, maar waarvan hy deur die soendood van Christus bevry is.

Ons handhaaf dat die mens alleen tot waarheid kan kom as hy sy kontak met die werklikheid behou; die funksie van die mens is nie sin- en ordeskeppend nie maar sin en ordeopenbarend, wat hy dan doen tot eer en

141./ verheerliking ...

en verheerliking van God. Dit is van toepaasing op al die mens se kultuuraktiwiteite.

4. Die kern van die opvoedkundige implikasies. Die deugdelikheid van Cassirer se mensbeskouing word vir ons bewys deur die feit dat daar sovoel uit sy beskouing vloei wat vir die opvoedkunde van belang is. Dit wil nie sê dat ons hierdie afleidings altyd kan onderskryf nie, maar enige mensbeskouing, as dit die deugdelikheidstoets wil deurstaan, moet bevrugtend vir die opvoedkunde wees.

Die kern van die opvoedkundige implikasies het ons gevind in sy siening van "ideation" en "progressive selfliberation". In die selfbevryding het ons die hoogste doel van die opvoeding gevind. Die "ideation" is die fundamentele grondslag vir die opvoedkundige metode want deur hierdie vergeestelikingsproses kan die doel verwesenlik word.

Sy siening van die kind as wordende simboolwese is van fundamentele belang vir die opvoedkundige denke want ook dit sal van belang wees vir die metode, die leerstof en organisasie.

Ons sien die uiteindelike doel van die lewe en die opvoeding nie in die mens self nie - dit lê buite en bo homself. Die kind moet verder opgevoed word tot mondige persoonlikheid sodat hy op waardige wyse sy roeping kan vervul. Ons sien die kind as sondige wese en daarom aan tug onderworpe, maar 'n tug wat daarop gemik is om die kind vry te maak van sy sondigheid. Daarom sal ons in ons opvoeding die klem laat val op karakter- en persoonlikheidsontwikkeling teenoor Cassirer wie se mensbeskouing, toegepas op die opvoeding, verontpersoonliking in die hand werk.

5. Besluit. Die indruk mag miskien by die lees van hierdie verhandeling geskep word dat die skrywer gedoen het soos die man wat 'n poppie op 'n tafel neersit en dan weer afslaan. Cassirer se beskouing word gegee, aan kritiek onderwerp en verwerp; opvoedkundige implikasies word gemaak en dan nie goed gevind nie. Wat is dan die waarde van al die arbeid?

Enige wetenskaplike werk wat die mens as tema het is van belang vir die opvoedkundige denke en moet as sodanig ondersoek word.

Cassirer se helder en skerpsinnige uiteensetting van sy mensbeskouing dwing ons daartoe, waar ons van hom verskil om net so helder en duidelik ons standpunt te ondersoek en te stel. Dit is veral nodig omdat in die moderne denke die probleem van die mens op so 'n groot verskeidenheid terreine in so 'n sterk mate na vore tree.

Al sou hierdie werk niks anders bewerkstellig as om die lesers te prikkel tot ondersoek van die mens en van homself nie, dan was die arbeid nie tevergeefs nie, veral waar dit aangepak en uitgevoer is in diens en tot eer van God.

CANCELLED